

Onderrig van die nuwe kurrikulum



PVATN 2019

Doelstelling van hierdie sessie

Om maniere te ondersoek om die nuwe aspekte van die nuwe kurrikulum onder die knie te kry

Hoe gaan ons die doelstelling bereik?

Ons gaan:

- veranderinge in die kurrikulum identifiseer
- die belangrikheid van 'n nuwe leesbenadering bevestig
- die nut van verskillende soorte tekste ondersoek
- teksontleding bespreek
- teksbronne identifiseer
- vraagstelling ondersoek
- soorte vrae in die vraestelle bekyk
- spesifieke aandag gee aan:
 - veelkeusevrae.

Hoe verskil die nuwe kurrikulum van die ou kurrikulum?

Hoe verskil die nuwe kurrikulum van die ou kurrikulum?

- Slegs een vlak – “Core” en “ Extended” weg.
- Tekste – langer tekste word in vraestelle gebruik
- Soorte vrae – nuwe soorte vrae word gestel

Lees met begrip

- Die gebruik van langer tekste noodsaak die ontwikkeling en vaslegging van **lees met begrip**. Die benadering wat **Betsie Klopper** gister verduidelik het, is van onskatbare waarde.
- Die fokus op **tekskenmerke** en die **sistematiese lees** van tekste sal leerders toerus om meer **leesvaardig** te word.
- Hierdie benadering sal **onderwysers** ook **meer selfvertroue** in die onderrig van leesstrategieë gee.

Kort tekste en visuele tekste (1)

Gereelde blootstelling aan kort en visuele tekste sal lees met begrip vaslê.
Hierdie tekste is nuttig as prikkel vir o.a. **groep- en klasbesprekings.**



Kort/visuele tekste (2)

Taalaspekte kan met m.b.v. kort/visuele tekste vasgelê word – kyk bv. na die **abstrakte selfstandige naamwoorde** in die byskrifte.



Kort/visuele tekste (3)

Dit kan as prikkel vir
skryf- en praattake dien.



Kort/visuele tekste (4)

Begrip en insig, en o.a. spelling, woordeskat en leestekens kan geoefen word.



Kort/visuele tekste (5)

Dit kan taalaspekte help verduidelik.



TAALWENK
Het jy gemeet?

"verveeld" = eienskap van 'n persoon wat verveel word
"vervelig" = eienskap van iets wat verveling veroorsaak

- **Ek is verveeld met hierdie boek.**
- **Hierdie boek is vervelig.**

Bron: Viva

viva-afrikaans.org #vivaafrikaans

Haar en Sy

Die Engelse gebruik **haar** en **sy** vir skepe, bote, motors, vliegtuie, ensovoorts. MAAR in Afrikaans gebruik ons **hom** en **sy** (ook dit).

Al is 'n man hoe verlief op sy motor is dit nie 'n haar nie! In Afrikaans praat ons nie van 'n skip wat haar anker lig nie. Ook nie van jou motor as 'n sy wat nog in 'n goeie toestand is nie.

TAALGENOOT

Kort/visuele tekste (6)

Stylmiddels soos **ironie**
kan verduidelik word.



**Beplan altyd voorui
t**

Kort/visuele tekste (8)

Beeldspraak soos **metafore** en **vergelykings** kan vasgelê word.



Kort/visuele tekste (9)

Idiomatiese taal kan prettig uitgebeeld word.



Kort/visuele tekste (10)

Dit kan sommer
net **geniet** word!



Teksontleding – kort/visuele tekste

Vra:

- Waaroor handel die teks? Wat word uitgebeeld?
- Watter soort teks is dit?
- Watter tekskenmerke let jy op?
- Op wie is dit gerig? / Wie is die teikenleser?
- Watter rol speel teksgrootte en kleur?
- Hoe ondersteun die illustrasie die boodskap?
- Wat val op omtrent die taalgebruik?
- Wat is die teks se doel?
- Watter houding word uitgebeeld?
- Wat dink jy van die teks? ensovoorts

Bronne vir kort/visuele tekste

Op Facebook:

- Taalgenoot
- Viva
- Idees vol vrees
- Africartoons
- WAT
- die Afrikaanse Taalkommissie

• Philip de Vos

• Hoezit

• HAT Aanlyn

• LitNet

• Taaltameletjies

En natuurlik die gewone **koerante en tydskrifte.**

Bronne vir langer tekste

- Namibiese koerante
- Tydskrifte
- Netwerk24 – Burger, Beeld, Rapport, Huisgenoot, Weg, Sarie, ens.
- Caxton-tydskrifte – Rooi Rose, Vrouekeur
- Radio – www.rsg.co.za
- Internet: LitNet, ens.

Teksontleding – langer tekste

Vra:

- Waaroor handel die teks?
- Wat gebeur in die teks?
- Watter soort teks is dit?
- Watter tekskenmerke let jy op?
- Op wie is dit gerig? / Wie is die teikenleser?
- Is die titel doeltreffend?
- Wat val op omtrent die taalgebruik?
- Is die toon bv. saaklik, informeel, formeel, geselserig, humoristies, argumenterend?
- Is daar progressie in die teks?
- Watter boodskap word oorgedra?
- Watter houding word uitgebeeld?
- Wat is die teks se doel?
- Wat dink jy van die teks? ensovoorts

Onthou Bloom tydens vraagstelling

Bloom se vlakke	Opdragwoorde – om verskillende soorte antwoorde te ontlok
Kennis	definieer, maak 'n lys van, voltooi, noem, beskryf, rangskik
Begrip	verduidelik, verklaar, bespreek, parafraseer, klassifiseer
Toepassing	illustreer, klassifiseer, gebruik, beskryf, toon, dramatiseer
Ontleding	ontleed, onderskei, vergelyk, kontrasteer, identifiseer, rangskik
Sintese	vat saam, formuleer, bespreek, verduidelik, beplan, voorspel
Evaluering	bewys, staaf, resenseer, bespreek, evalueer

Vraagformulering

- Vrae moet bondig en so duidelik moontlik gestel word.
- Die taal en sintaksis in vrae en opdragte behoort maklik verstaanbaar te wees – as leerders nie verstaan wat vereis word nie, kan hulle in der waarheid die verkeerde vraag beantwoord.
- Moenie leerders met onnodig moeilike woorde in die vrae probeer pootjie nie – ons wil primêr toets of hulle die teks verstaan; nie die vrae nie.
- Vermy die gebruik van die lydende vorm.
- Vermy vrae wat met behulp van algemene kennis beantwoord kan word.
- Gebruik opdragwoorde/vraagwoorde konsekwent en korrek om verskillende soorte antwoorde te ontlok.
- NB: Probeer om vrae só te stel dat leerders nie sinne of sinsdele direk uit die teks kan neerskryf nie.

Soorte vrae – Vraestel 1 (1)

Taak 1 **AD's:** R1 – 4

Vrae: Kortvrae

Antwoorde: Enkelwoorde, sinsdele en ook sinne

Puntetoekenning: Meestal 1 punt; 'n 2-puntvraag moet spesifiek aandui waarvoor die twee punte toegeken word

Algemeen:

- Moenie op begrip van die betekenis van een woord fokus nie.
- Mag maks. 2 datums/getalle insluit.

Soorte vrae – Vraestel 1 (2)

Taak 2 **AD's: R1 – 4**

Vrae: Pasvrae

Antwoorde: Maak regmerkies of skryf letters

Puntetoekening: 1 punt elk

Algemeen:

- Vrae in verskillende volgorde as in teks.
- Vrae moenie oorvleuel nie.
- Fokus op betekenis; nie op individuele woorde, datums, plekke, ens. nie.
- Fokus op feite, maar ook op idees, menings en geïmpliseerde betekenis.
- Fokus op inligting in een teks, maar kan afleiers in ander tekste hê.

Soorte vrae – Vraestel 1 (3)

Taak 3

AD's: R1 – 3

Vrae: Maak aantekeninge

Antwoorde: kort aantekeninge onder 3 gegewe opskrifte

Puntetoekenning: 1 punt elk

Algemeen:

- Opskrifte moet duidelik wees.
- Antwoorde moet verkieslik nie in volsinne wees nie.
- Die eerste antwoord, wat gegee word, dien as voorbeeld van hoe die res van die antwoorde moet lyk.

Soorte vrae – Vraestel 1 (4)

Taak 4

AD's: R1 – 4

Vrae: Veelkeusevrae

Antwoorde: Kies die korrekte opsie

Puntetoekenning: 1 punt elk

Algemeen:

- Sien wenke op die volgende bladsye.

Veelkeusevrae – vir Vraestel 1 en 2 (1)

- Goeie veelkeusevrae toets belangrike inligting in die teks.

Stam en opsies

- Stam maak duidelik watter punt getoets word.
- Opsies weerspieël die tema van die stam.
- Opsies se lengte en struktuur is min of meer eenders.
- Opsies lyk almal moontlik/waarskynlik indien dit saam met stam gelees word.
- Daar is iets in die teks wat elke opsie ondersteun.

Veelkeusevrae (2)

Sleutels (regte antwoorde) en afleiers

- Daar is net een moontlike sleutel – al die afleiers is duidelik verkeerd.
- Die sleutel word deur die teks ondersteun.
- Die sleutel staan nie enigsins uit tussen die opsies nie (bv. lengte en moeilikheidsgraad van woorde).
- Die sleutel is nie die enigste opsie wat 'n belangrike woord uit die teks bevat nie.
- Die sleutel kan net geïdentifiseer word deur die teks te lees.
- Die afleiers is almal geloofwaardig.

Veelkeusevrae (3)

Die vrae en die teks

- Elke vraag fokus op 'n spesifieke gedeelte van die teks.
- Vrae is onafhanklik van mekaar.
- Vrae oorvleuel glad nie.
- Die stam gee 'n leidraad – help die leerder om die relevante gedeelte van die teks te vind.

Soorte vrae – Vraestel 2 (1)

Taak 1 **AD's: L1 – 2**

Vrae: Kortvrae

Antwoorde: Elkeen hoogstens 3 of 4 woorde lank

Puntetoekenning: 1 punt elk

Algemeen:

- Moenie op begrip van die betekenis van een woord fokus nie.
- Mag maks. 2 datums/getalle insluit.

Soorte vrae – Vraestel 2 (2)

Taak 2

AD's: L1 – 2

Vrae: Vul gapings in

Antwoorde: 1 of 2 woorde/getalle/datums

Puntetoekenning: 1 punt elk

Algemeen:

- Onthou, dit is 'n luisteroefening – vrae moenie te moeilik wees nie.

Soorte vrae – Vraestel 2 (3)

Taak 3

AD's: L1 – 3

Vrae: Pasvrae

Antwoorde: Pas spreker by inhoud

Puntetoekenning: 1 punt elk

Algemeen:

- Stellings moenie te lank of te ingewikkeld wees nie – elkeen hoogstens ongeveer 18 woorde lank.
- Stellings moet duidelik en presies wees.
- **NB:** Hierdie taak lyk wel soos Taak 2 in Vraestel 1, maar dit moet makliker wees.

Soorte vrae – Vraestel 2 (4)

Taak 4 **AD's: L1 – 2**

Vrae: Veelkeusevrae

Antwoorde: Kies die korrekte opsie

Puntetoekenning: 1 punt elk

Algemeen:

- Sien wenke ná Vraestel 1, Taak 4.
- Vrae is in die volgorde van die teks.
- Vermy negatiewe stamme (Watter een pas nie?).
- Vrae moenie te lank en omslagtig wees nie.

Soorte vrae – Vraestel 2 (5)

Taak 5

AD's: L1 – 4

Vrae: Kortvrae

Antwoorde: Enkelwoorde, sinsdele en ook sinne

Puntetoekenning: Meestal 1 punt; 'n 2-puntvraag moet spesifiek aandui waarvoor die twee punte toegeken word

Algemeen:

- Onthou, dit is 'n luisteroefening – vrae moenie te moeilik wees nie.

Hulp vir onderwysers (1)



VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS



VivA-app



VivA-app (Aanlyn)




www.viva-afrikaans.org



062 126 0295




062 126 0295



sophia@viva-afrikaans.org



Verbeter jou eie spelling en taalgebruik – *Beter Afrikaans* (1)



Verbeter jou eie spelling en taalgebruik – *Beter Afrikaans (2)*

4 Maat 10:42 Tue 09 Jun 2019
Internet Afrikaans 00.00

Toets van 05-03-2019
gouvernementafrikaans.com (vlak 3)

Verdeelde | Verdeelde | Die
vraag 1 | vraag 2 | vraag 3

WYS HRTI
(Klik op 'n puntje om na 'n ander datum te gaan)

Jy het hierdie toets al voorheen gesien.
Klik hier om die ingevulde antwoorde te sien.
Jy kan die toets nog 'n keer doen, maar dit sal dan nie vir jou persoonlike telling tel.

Wat die korrekte antwoord is.

Die kort heu die nawaai 'n besaer vir van hul fondas.

- Oufening
- Oufening
- Oufening
- Oufening

Frída en ma is maklike die meer wat ek al by 'n graadoplegtingheid gesien het.

- Oufener
- Oufener
- Oufener
- Oufener

Myne insiens is die woord "trek" en behoort nie as Standaardafrikaans gereken te word nie.

- Oufener Oufener
- Oufener Oufener
- Oufener Oufener

Die is 'n Afrikaans, Engelse leuse met 'n teenstrydige gees.

- Oufener
- Oufener
- Oufener
- Oufener

Beantwoord ook jou antwoorde voor jy op "Beantwoord" klik.

Fluit-fluit ...

... my storie is uit!